Japie Grobler

13 Meersig 1 39 Panorama Avenue EDLEEN 1619
Tel/Fax: 011-394-3080 Sel: 082-920-3545
E-mail: kies_ciec@telkomsa.net

2007-08-12

Die Redakteur
Kerkbode
Privaatsak X18
WELLINGTON
7654

Per E-pos

Ek let op dat Professor Julian Müller op sy webwerf reageer op die DVD ("Nuwe" Strominge in die teologie) wat aan predikante van die NGK gestuur was voor die Algemene Sinode vergader het.

In my beskeie mening het hierdie hele aangeleentheid 'n baie lang aanloop wat tot verskeie reaksies gelei het. Vele briewe het in die media, insluitende ***Kerkbode*** oor die jare verskyn. Teoloë het hulle selfs openlik teenoor mekaar in die media uitgelaat. Lidmate se kommer was weerspieël in die briewe wat geplaas was. Vooraanstaande manne in die kerk en selfs dosente aan teologiese fakulteite bedank of tree vroeg af. Dalk is daar tussen hierdie dosente dié wat terwille van oorlewing (moet my werk behou) maar uithou en voortgaan? Ek glo ook hierdie is het einde niet.

Die vraag wat by my opduik—het hierdie DVD nie iets beet nie en is die wat hulle daarteen uitlaat nie besig om vure te probeer doodslaan nie?

Vir my wil dit lyk of niks verander het sedert die apostel Johannes sy drie sendbriewe en Judas sy brief, om nie eers van Paulus te praat nie, geskryf het nie. Die kerk worstel maar nog steeds met dwaalleer en dwaalleraars in haar midde, dalk nou nog meer as ooit?

Dit is geen geheim dat lidmate soveel onsekerheid in die NGK beleef en dat besluite deur sinodes, veral die Algemene Sinode s'n oor homoseksualiteit, daarin slaag om onsekerheid nog verder by lidmate in die hand werk.

Dr John MacArthur in sy nuutste boek, ***The Truth War*** (Thomas Nelson, 2007: 46) vat wat aan't gebeure is in die Kerk so mooi saam:

> "Apostasy poses real and present dangers today, as always. Actually, the threat may be more imminent and more dangerous than ever, because Christians nowadays simply don't care about the prevalence of false doctrine, nor do they take seriously their duty to fight against apostasy. Instead, they want a friendly atmosphere of open acceptance for everyone, tolerance of opposing ideas, and charitable dialogue with apostates."

Hy gaan as volg voort:

> "…From the moment in the garden when the serpent brought this war against the truth into the world of humanity…the campaign against truth has been unrelenting and shockingly effective…(69)

> "So apostasy is a fact of all history, and there is never any kind of armistice in the Truth War. Our generation is certainly no exception to that rule. Some of the greatest threats to truth today come from within the visible church…(72)
>
> "This is a battle we cannot wage effectively if we always try to come across to the world as merely nice, nonchalant, docile, agreeable, and fun-loving people. We must not take our cues from people who are perfectly happy to compromise truth whenever possible 'for hamony's sake.'" (76)

Bring hierdie DVD nie juis die dinge na vore waaroor lidmate en die Kerk ernstig moet besin nie?

Dr Hennie Mouton vra via ***Kerkbode*** in sy brief van 7 Augustus "Wat gaan NG kerkrade doen aan die dwaalleer wat by ons teologiese fakulteite in, veral Pretoria en Stellenbosch, verkondig word? Ek verwys na die inligting in onder meer die DVD Nuwe strominge in die teologie deur Sarel van der Merwe…" Waarop Ds Johan Symington antwoord: "Ter ondersteuning van u gevoel, is daar nou 'n aksiegroep gestig. Die heel beste weg is natuurlik die kerklike weg deur nie in die algemeen te praat nie, maar 'n klag teen mense wat na bewering dwaal by die ring in te dien."

Is die kerklike weg altyd so betroubaar? (hoe hartseer dit ookal mag wees), veral as mens kennis neem van Ds Ettienne Maritz se skrywe van 4 Julie in ***Kerkbode***

> "Ek was ook betrokke by die klagtes teen Prof Jurrie le Roux en Prof Julian Muller. Ek was dus ook daar teenwoordig. Ek stem nie saam met die beslissings van die ring nie…
>
> Dit is tot groot skade vir die kerk dat die ringe oor hierdie openlike dwaalleer van die teoloë nie opgetree het nie en hulle nie in hul werk gestuit het nie. Daarmee word nou gekies vir die liberale teologie teen die behoudende ware leer van die saligheid en beweer die ringe dat die dosente binne die riglyne van die Algemene Sinode hul navorsing doen. (Prof Louis Jonker van Stellenbosch skryf ook dat dit nie belangrik vir ons geloof is of Jesus histories fisies uit die dood opgestaan het nie). Dit is drie van vele meer dosente wat probeer om die hele kerk te kaap vir die liberale teologie en as dit langer toegelaat word sal ons eindig waar die kerk van Europa vandag sit.
>
> Ek het ook nie die inligting om te oordeel of student Mulder in sy werkswyse korrek opgetree het nie. Die vraag is of die kuratorium dit nie juis gemaklik van hulle afgeskuif het en na die ringe verwys het omdat hulle weet dat die betrokke ringe ook liberaal is nie? Die oordeelsdag sal dit aan die lig bring. In elk geval is ek bly dat ek nie in die skoene van dié ringsbroeders wat hierdie onverantwoordelike besluite geneem het hoef te staan as Jesus weer kom in vuur en swael om wraak uit te oefen oor almal wat Sy evangelie nie gehoorsaam was nie—al glo hulle klaarblyklik ook nie aan so 'n fisiese wederkoms nie. (1Thes 1 :7 - 9)."

In die lig hiervan kan ek verstaan hoekom Julian reageer soos hy reageer. Dalk wys die DVD-vinger heeltemal te reguit na hom en moet hy iets probeer doen om homself en ander te probeer verontskuldig. So gebruik hy allerhande welgekose woorde (want hy is daartoe in staat) om die DVD as niksseggend te probeer afmaak. Om net een van sy voorbeelde aan te haal: "[Die DVD] word naamloos aangebied en daarom behoort niemand dit eintlik ernstig op te neem nie." Dr Mouton se brief hierbo weerlê hierdie bewering: "...die DVD Nuwe strominge in die teologie deur Sarel van der Merwe…" As Dr Mouton weet waarom weet Julian nie? Wanneer Julian so 'n aantyging maak wat as vals bewys is hoeveel van sy ander bewerings en stellings kan mens dan glo?

Die uwe

Japie Grobler